

15 Julie

Skrifgedeelte: Efesiërs 1:15-23

Fokusgedeelte: DL, VD 3/4:7

'n Ligte aansporing alleen is nie genoeg nie!

Die mens het net 'n ligte aansporing van God nodig om hom te bekeer. So het die dwaalleraars beweer, maar die Sinode het dié dwaling verwerp. 'n Dooie mens het immers meer as net 'n ligte aansporing nodig om weer lewendig te word. Hy het minstens die kragtige werking van die Almagtige God nodig. So het iemand wat in sy sonde dood is ook meer as net 'n ligte aansporing nodig om geestelik lewendig te word. Hy het minstens ook die kragtige werking van die Almagtige God nodig!

Paulus bid (vers 19-20) vir die Efesiërs dat hulle onder andere sal besef “hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo. Dit is dieselfde kragtige werking van sy mag wat Hy uitgeoefen het toe Hy Christus uit die dood opgewek en Hom in die hemel aan sy regterhand laat sit het ...” Dit wil sê: Die krag wat God gebruik om mense tot geloof te bring is net so groot of net so sterk soos die krag wat God gebruik het om Jesus uit die dood op te wek en om Hom te laat opvaar het na die hemel.

Die mens is so verdorwe en dood in sy sonde dat enige werking wat swakker as dit is geen invloed sal hê nie. 'n Ligte aansporing is dus beslis nie voldoende om die mens geestelik lewend te maak nie. Daarom moet ons gereeld bid dat God ons ook sal laat besef “hoe geweldig groot sy krag is wat Hy uitoefen in ons wat glo” – sodat ons Hom sal dank vir die werking van sy almag in ons. Die sterkte van die krag waarmee God geloof in my werk gee vir my die versekering dat my geloof eg is en ewig sal duur!

Ds. HPM van Rhyn (Thabazimbi)

~~~~~